



HULP EN HOOP GEMEENSKAPSKERK

KERKKANTOOR

PostNet Suite # 50 Privaatsak X 2449 Mokopane 0600

Finansiël : fin@ngpottiessuid.org.za

Admin : admin@ngpottiessuid.org.za

Tel / Faks : (015) 491 3537

Januarie 2023

Liewe Ouer

Hoe fantasties is dit nie om hierdie jaar met ons Jeug kleingroepe (kategeese) te kan begin sonder enige inperkings ens!

Die droom van enige kerk se jeugbediening is dat, ons kinders en tieners vir Jesus persoonlik sal ken en sal aanhou om in 'n verhouding met Hom te groei. Die uiteinde is dat ons geloof by jongmense wil help vorm wat hulle help om as dissipels te leef en 'n verskil te maak in die wêreld. Jongmense moet eendag, waar hulle ook al gaan, "**kerk**" kan wees.

Ons gemeente wil deur kategeese, eredienste, jeugaktiwiteite, huisgeloof, kampe en uitreike verskillende tipes ruimtes skep waar geloof se verskeie fasette gevorm kan word.

'n Afrika spreekwoord lui "**It takes a village to raise a child**", daarom nooi ons Ouers, ander leiers en volwassenes, groeplede, bejaardes ens. om verantwoordelikheid te aanvaar om geloof te vestig by ons jongmense!

Ons gemeente / die kerk is die belangrikste plek (buiten die ouerhuis en eredienste) waar geloofsgroei en kennisoordrag kan plaasvind.

As 'n mens mooi gaan kyk na die tyd wat ons met jou kind het, kom 'n mens agter hoe belangrik elke ontmoeting / kategeese byeenkoms is. Ons het 'n maksimum van 29 Sondae tot ons beskikking. Hiervan is een die opening en een die afsluiting en verder is daar is ook 'n paar afnaweke geskeduleer. Ons het elke jaar ongelukkig ongeveer 18 uur om met die kinders te gesels oor die Here, wat werklik eintlik maar min tyd is.

Ons het fantasties reeks wat ons die jaar gaan aanbied. Die "LP3" kategesereeks vir ons Junior Kategeese (Graad 1 – 5). Die reeks neem elke jongmens op 'n opwindende reis deur die Bybel. Ons is baie opgewonde oor die reeks en glo elke jongmens en groepleier sal dit baie positief ervaar. Vir die Senior fase Graad 6 – 11 het ons 'n reeks "LigApp" wat deur middle van 'n "App" op die selfoon gebruik kan word. Ons het gesien dat ons jongmense baie gemaklik is met tegnologie en daarom glo ons dat hierdie reeks ook baie goed ervaar sal word

U as ouer se betrokkenheid by die kategeseprogram is baie belangrik vir die geestelike groei en onderrig van u kinders. God het immers die ouer die taak gegee om hul kinders groot te maak in Sy weë, daarom het ons as gemeente besluit om u as ouer te betrek by die geestelike opvoeding van u kind.

Dis is vir ons baie belangrik dat gesinne saam ons eredienste sal bywoon - jou voorbeeld is 'n aansporing vir jou kind.. Ons eredienste vind plaas om 09:00. Direk na die diens gaan die jongmense na hul onderskeie lokale toe waar die groepleier 'n 40 min. bespreking met die jongmense gaan deurloop. Ons het drie bewame dames wat aan die stuur van die kategeseskool staan. Skakel gerus een van die dames vir enige navrae ens.

Susan Fourie (Bestuurder – Jeugaksie – Ouderling) 073 770 3993

Juanita Olivier (Diaken – Junior fase) 082 337 6666

Tanya Pretorius (Diaken – Senior fase) 072 698 9413.

DIPLOMAS VIR GETROUE BYWONING

Die Kerkraad het besluit dat jongmense slegs kan kwalifiseer vir toelating tot die Belydenisklas indien hulle 'n 50 % erediensbywoning en 70 % Kleingroep-bywoning in graad 10 gehandhaaf het. Dieselfde reëling geld ook vir alle kinders in die Kleingroepe as vereiste vir die toekenning van sertifikate.

Ds J ERASMUS

Sel: 072 653 9845

e-pos: jacques@ngpottiessuid.org.za

Elke kind se omstandighede word in ag geneem en die sertifikate dien as aansporing en erkenning. **Neem asb. die vrymoedigheid om spesiale omstandighede met u kind se kleingroepleier te bespreek.**

KATEGESSE MATERIAAL (Handboeke (Graad 1 - 11))

KATEGESSE BOEKE	BEDRAG
Graad 1 – 5	+ - R80
Graad 6 - 11	+ - R80

Kategese materiaal word bestel en sal binnekort beskikbaar wees. Boekgelde kan Sondae by die kategeet of by die kerkkantoor inbetaal word. Plaas dit asb in 'n koevert gemerk met jou kind se naam en van as ook Graad waarin hy / sy is, dit maak net die admin daarrondom makliker. EFT betalings ook welkom verwysing jou kind se naam en van as ook Graad waarin hy / sy is.

JEUGBEDIENING

Omdat Kleingroepe net een faset van jou kind se geloofsgroei aanhelp, bied die gemeente ook nog ander jeugaksies wat die ander fasette hanteer en waarby ons graag jou kind betrokke wil hê. Die klem hier is nie so seer kennis-oordrag nie, maar 'n gevoel van gemeenskap van jongmense wat die Here Jesus liefhet. Hier leer ons hulle, dis "COOL" en lekker om 'n Christen te wees.

Die volgende aksies word aangebied:

- **Junior Jeugaksies** (Voorskool tot Graad 7)
Speletjiesmiddae vir ons Junior Jeug. Byeenkomste vind plaas een maal per maand. Hou gerus die gemeente se Whatsapp groep dop vir meer inligting.
- **JA-aande** (Jeug Aksie aande vir Hoërskoolleerders)
Een maal per maand op 'n Sondagaand. Hou gerus die gemeente se Whatsapp groep dop vir meer inligting.

Ons bied ook 'n spesiale eredienste aan wat spesifiek gemik is op ons jongmense van voorskool tot graad 4 nl.

- **Kinderderkerk** – Byeenkomste wat gelyklopend is met die Erediens en vind plaas in die Jeughuis. Hier leer hulle saam om op 'n kreatiewe wyse geloof in God te vind en hul word ook geleer wat dit beteken om Jesus Christus te volg.
- **Poppekas** – waar ons dmv 'n Whastapp wekeliks Bybelstudie lessies deurgee waar u en u kind saam kan gesels en u 'n geloofspad met u kind kan stap

Ons wil graag jou en jou kind uitnooi om deel te word van ons gemeente se jeugaksie.

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Hierby aangeheg 'n vorm wat voltooi moet word. Voltooi asb volledig veral ten opsigte van inligting wat mag verander het. Indien inligting onveranders is, voltooi net met u kind se naam en graad sodat die kantoor die regte graad indeling doen. Maak as book seker dat die vrywaringsvorm geteken is. Handig asb so gou moontlik in by die groepleier (Kategeet) of die kerkkantoor. Dis baie belangrik dat ons al ons jongmense se inligting op datum het, veral tov ons whatsapp- en e-posbediening.

GEMEENTE KOMMUNIKASIE STRUKTURE

Ons gemeente maak gebruik van die volgende maniere om gereelde kommunikasie deur te gee aan lidmate: Whatsapp, sms'e, e-posse en die Hartslag van die week (Afkondigings).

Skakel gerus die kerkkantoor indien jy graag op die Whatsapp / e-pos groep geplaas wil word.

Neem asseblief vrymoedigheid om my enige tyd te skakel. Ek en my span sien uit om hierdie geloofspad saam met u en u kind te stap!

Groete in Christus!